



Drive to
fill vacant
educator
posts in EC

Page 7



SAPS goes
"Back to
Basics" to
fight crime

Page 10

JOBS
INSIDE

32m drought relief



Agriculture, Forestry and Fisheries Minister Senzeni Zokwana has announced funding that will bring relief to farmers affected by the drought.

Priscilla Khumalo

Government has pledged R32 million to help farmers affected by drought.

The Industrial Development Corporation (IDC) has made available soft loans as emergency funding towards working capital, infrastructure and a small portion for carry-over debt for the commercial sector.

A soft loan is a loan with a below-market rate of interest.

Giving an update on the status of drought

relief support to the agricultural sector, Agriculture, Forestry and Fisheries Minister Senzeni Zokwana said the R32 million had already been approved.

"The IDC will consider financial assistance to its existing clients that apply for drought relief support while for non-IDC clients, lending will not be made available directly to the end-beneficiary but rather through National Credit Act-compliant intermediaries like Land Bank and Agri-Business," Minister Zokwana explained.

The Minister said that the loan agreement would be entered into by the IDC and the

relevant intermediary.

"These intermediaries will have to apply to the IDC on a case-by-case basis and a due diligence will be applicable."

In relation to the directive, Minister Zokwana said the department had given provinces 20 per cent - or R226 million in total - of the Letsema grant, initially aimed at boosting food security but which was not going to be used in the immediate future because of the ongoing drought.

Provinces that have applied and received approval include KwaZulu-Natal, Free State, North West, Limpopo, Gauteng,

Mpumalanga and Northern Cape.

The Eastern Cape has applied, while Western Cape has not yet reprioritised, the Minister said.

In Limpopo, an additional amount of R51 million has been set aside, with R20 million going towards the procurement of fodder to assist smallholder and subsistence farmers, while R31 million will be spent on water for livestock.

The Free State has allocated R10.692 million and R29 million from its Equitable Share and Comprehensive Agricultural Support Programme budget to assist subsistence, smallholder and commercial farmers.

The Gauteng province has to date spent R6 200 000 on animal feed, water infrastructure, phosphate licks and de-silting of earth dams.

A total of R7 717 080 was approved in the Northern Cape and has already assisted 257 farmers and helped in the distribution of 2 500 tons of fodder during October and November.

The North West has made available R25 million for drought relief. As at 18 January, 2016, 57 010 bags were distributed and 10 228 farmers received assistance.

An amount of R114 million was allocated in Mpumalanga for procurement of input supply for livestock, water harvesting, aggressive de-worming of livestock and borehole drilling, amongst others.

Meanwhile, Minister Zokwana met with MECs responsible for agriculture to take stock of the current drought and discuss the ongoing relief support provided to affected farmers and livestock owners.

Rural Development and Land Reform Minister Gugile Nkwinti also joined the meeting, which engaged on plans and solutions they can employ from now on.

Minister Zokwana acknowledged that there was a clear picture of the negative impact of drought on crop production, livestock, agro-processing and agriculture infrastructure, as well as food security in all affected provinces.

He highlighted that the department's priority was developing and implementing a climate change adaptation plan and programmes for the sector.

"We will give more support to Climate Smart Agriculture in terms of conservation agriculture," he said.

***For more on how government is assisting farmers see p8.**

Protect your retirement savings

Albert Pule

Government has introduced a law that aims to encourage South Africans to save and plan better for their retirement.

In December last year, President Jacob Zuma signed into law the Taxation Laws Amendment Act of 2015 to assist households and ensure that they are not vulnerable to poverty, especially during retirement.

The new law is not aimed at preventing public servants from accessing their pension monies when retiring or resigning.

According to a circular from both National Treasury and the Department of Public Service and Administration (DPSA), the reforms coming into effect next month (March) seek to make provident funds similar to pension and retirement annuity funds.

Retirement Fund Director at National Treasury Alvina Thela said there had been a misunderstanding about the intention of the new law and as a result people were leaving their jobs out of fear that they would lose their money.

"Don't resign because of false rumours. If you resign you will lose a lot of your retirement benefit because the benefit will be taxed heavily. This means that after the tax is paid you will be left with much less money."

"If your savings stay in your fund, your money will grow bigger and you will pay

very little tax on your money when you retire. There will be a lot more money by the time you retire."

BENEFITS OF THE NEW LAW

Thela said that the Taxation Laws Amendment Act had a number of benefits and would help people save money for retirement.

"One of the advantages is that as a provident fund member, you won't be taxed when you put money into a provident fund when you are saving for retirement."

"This is likely to increase your take home pay, so you'll have money that goes into your provident fund that is not taxed meaning that your taxable income will be less and your net pay will be more."

The other benefit, said Thela, is that "you are encouraged to save because now you are able to contribute without being taxed and you will be able to save more for retirement and that will protect you from poverty at old age and protect you from relying on the state or your family members to take care of you".

DIFFERENT TYPES OF RETIREMENT FUNDS

Contributions towards retirement can be done in three different ways namely: by making a contribution towards a pension fund, retirement annuity fund and/or a provident fund.

A pension fund is similar to a retirement annuity fund in that when you contribute to those two funds, you get a tax deduction.



A tax deduction means that the money that goes into that fund is not taxed and this is different from a provident fund. A member that contributes to a provident fund gets taxed when the money goes into that fund.

The other difference is at retirement and when you exit these three products. When you exit from a pension fund or retirement annuity fund, you get a third as a lump sum and the remaining two thirds are paid as an annuity.

A provident fund is treated differently.

When you exit from a provident fund, you get a cash lump sum and your entire savings are given to you at one go.

Thela has also encouraged people who want to resign and cash in on their retirement to get proper financial advice before taking their savings.

"Protect your retirement savings. Your retirement is your future income. Seek financial advice and protect and preserve your money when you change jobs or resign."

Die regering se nuwe aftreehervormings

Die nuwe aftreehervormings is daarop gerig om Suid-Afrikaners te help om hul aftree spaargeld te beskerm. Hier is meer inligting:

WAAROM HET DIE REGERING HIERDIE HERVORMINGS IN DIE EERSTE PLEK ONDERNEEM?

Die hervormings het ten doel om afgetredene persone te beskerm teen armoede op hul oudag deur hulle aan te moedig om vir aftrede te spaar. Die oogmerk is verder om die huidige stelsel te vereenvoudig en produkte meer deursigtig te maak.

WATTER VERANDERINGE SAL OP 1 MAART 2016 IN WERKING TREE?

Die Wysigingswet op Belastingwette van 2013 en 2015 tree op 1 Maart 2016 in werking. Hierdie wet laat lede van aftreefondse toe om die belasting wat hulle betaal te verminder deur bydraes tot aftreefondse tot en met 27,5% per jaar af te trek (tot 'n maksimum van R350 000), as 'n persentasie van hul inkomste. Die nuwe wette verhoog ook die bedrag wat vir omskepping in 'n annuïteit by aftrede vereis word, vanaf R75 000 tot R247 500 (die sogenaamde "de minimis").

WAT IS DIE PROBLEEM MET DIE HUIDIGE STELSEL WAT HIERDIE WET PROBEE OPLOS?

Tans verskaf verskillende tipes aftreefondse verskillende belastingvoordele. Byvoorbeeld, uittree-annuïteite maak voorsiening vir 'n belastingaftrekking-voordeel van hoogstens 15%, voorsorgfondse tot 20%, en pensioenfondse tot 27,5%. Tweedens ontvang voorsorgfondslede nie 'n belastingaftrekking vir hul eie bydraes nie, terwyl pensioenfondslede wel so 'n voordeel geniet. Pensioenfondse en aftree-annuïteite vereis dat 'n gedeelte (naamlik ½) van die voordeel as 'n geredelde inkomste betaal moet word, terwyl voorsorgfondse 'n pensioenaris toelaat om

die hele voordeel as 'n eenmalige kontantbedrag te neem wanneer hulle aftree.

HOE SAL DIE NUWE WET HIERDIE VERSKIL IN BELASTINGHANTERING EN VOORDELE VERSOEN?

Die vernaamste veranderinge sal op voorsorgfondse van toepassing wees. Lede van voorsorgfondse sal nou eenderde (½) van hul aftreevoordeel as 'n enkelbedrag by aftrede kan neem, terwyl die oorblywende tweederdes (⅓) in 'n annuïteit omskep moet word. Byvoorbeeld, indien die hele aftreevoordeel R300 000 bedra, kan 'n bedrag van R100 000 (i.e. ½) as 'n enkelbedrag geneem word, en R200 000 (i.e. ⅓) sal dan in 'n annuïteit omskep moet word. Hierdie verandering sal SLEGS van toepassing wees op bydraes wat na 1 Maart 2016 gemaak is. Lede van voorsorgfondse sal ook 'n belastingaftrekking vir hul bydraes ontvang.

WAT BETEKEN ANNUÏTEIT-OMSKEPPING?

Annuïteit-omskepping beteken dat jy 'n gedeelte van jou aftreevoordeel in klein maandelikse betalings neem, in plaas daarvan dat jy dit alles as 'n eenmalige kontantuitbetaling neem.

WAT SAL DIE NUWE BELASTINGHANTERING VAN VOORSORGFONDSE BEHELS?

Lede van voorsorgfondse sal nou vir die eerste keer 'n belastingaftrekking op hul bydraes tot die fonds kan eis. Tweedens sal hul werkgewers se bydraes tot die voorsorgfondse op hul salarisstrokkies

aangetoon word. In die derde plek sal baie fondslede wat bydraes tot hul voorsorgfondse maak, se netto salaris (dit wat jy huis toe neem) ietwat styg. Vierdens sal alle nuwe bydraes tot voorsorgfondse (en groei daarop) na 1 Maart 2016 deur persone jonger as 55 jaar onderhewig wees aan die vereiste om dit in 'n annuïteit te omskep sodra die waarde meer as R247 500 is (d.w.s. die de minimis-drempel). Alle voorsorgfondse sal steeds wanneer hulle aftree al hul aftreespaargeld, en groei daarop wat tot 1 Maart 2016 oopgeloop het, as 'n eenmalige kontantbedrag kan neem.

OP WATTER OUDERDOM SAL EK DEUR HIERDIE WET GERAAK WORD?

Lede van voorsorgfondse wat op 1 Maart 2016 55 jaar oud is, sal NIE deur die nuwe wette beïnvloed word nie, mits hulle kies om nie van fondse te verander nie. Slegs bydraes na 1 Maart 2016 (d.w.s. nuwe bydraes) van voorsorgfondse wat op 1 Maart 2016 JONGER as 55 jaar is, sal geraak word, en dan slegs indien hierdie nuwe bydraes meer as R247 500 bedra.

HOE IS HIERDIE NUWE WET VAN TOEPASSING OP PERSONE WAT VAN WERK VERANDER?

Die nuwe wet is NIE van toepassing as jy van werk verander nie. Lede van 'n voorsorg- en/of pensioenfonds sal steeds van werk kan verander en al hul aftreegeld kan onttrek. Die regering moedig mense egter aan om eerder hul spaargeld te bewaar as om dit elke keer wat hulle van werk verander, te laat uitbetaal.

HOE SAL DIE NUWE WET OP DIE REGERINGSWERKNEMERS-PENSIOENFONDS (GEFP) VAN TOEPASSING WEES?

Die GEPF sal nie deur hierdie hervormings geraak word nie, omdat hulle alreeds 'n gratifikasie (eenmalige kontantbedrag) en 'n pensioen (annuïteit) aan lede met meer as 10 jaar diens betaal. Wat belasting betref, sal GEPF-lede egter onderhewig wees aan dieselfde belastingaftrekingsperke op aftreebydraes as dié in die bogenoemde belastingwetgewing.

WAAROM SKRYF DIE REGERING AAN ONS VOOR WAT OM MET ONS AFTREEGELD TE DOEN?

Die doel van die wet is om mense te help om beter voorbereid te wees op die toekoms deur vir aftrede te spaar en inkomste in kleiner, gereelde bedrae te ontvang wanneer hulle eers afgetree is. Hierdie gereelde inkomste beskerm afgetredene persone daarteen om al hul geld onmiddellik te spandeer en dan uitermate op familielede en die regering te moet steun. Navorsing toon dat minder as 1% van alle werkende Suid-Afrikaners gemaklik sal kan aftree en 'n behoorlike lewenstandaard in aftrede sal kan handhaaf.

HET DIE REGERING OOR HIERDIE WET OORLEG GEPLEEG?

Ja, daar was omvattende oorlegpleeging. Daar moet oor elke wet in die land met die publiek oorleg gepleeg word VOORDAT dit aangeneem word. Hierdie openbare oorlegpleegings vind plaas voordat die wet by die Parlement ingedien word en ook tydens die Parlement se beraadslagings. Nedlac, vakbondes en die nywerheidsektor is die afgelope drie jaar verskeie kere oor hierdie wet geraadpleeg.

Vir meer inligting besoek:
www.treasury.gov.za

PLAASLIKE REGERING

Mangaung Metro bestem vir ontwikkeling

Noluthando Mkhize

Die levering van basiese dienste is een van die Mangaung Metro se grootste prioriteite. Die stad, die enigste metropolitaanse munisipaliteit in die Vrystaat, bestaan uit drie hoofgebiede – Thaba Nchu, Botshabelo en Bloemfontein.

Die burgemeester van Mangaung, Thabo Manyoni, sê die munisipaliteit se belangrikste prioriteit is om ontwikkeling te versnel en te verseker dat basiese dienste gereeld gemoderniseer en verbeter word.

ORDENTLIKE BEHUISING VIR ALMAL

Sedert 2011 het die munisipaliteit meer as 23 000 behuisingseenhede aan meer as 69 000 mense gelewer. Daarbenewens beskik 'n verdere 144 126 mense van meer as 48 000 gesinne oor terreinpermittes en titelaktes; nog 'n prestasie deur die munisipaliteit.

"Die stad het tot op hede verder aan 16 000 gesinne toegang tot hul eie persele gegee deur die formalisering van 19 informele nedersettings.

"In Bykomende 595 maatskaplike behuisingseenhede vir 1 785 mense, sal teen die einde van die 2015/16 finansiële jaar voltooi wees.

"Bouwerk het reeds aan gemeenskapswooneenhede in Dark City en Silver City begin. Verder sal 800 eenhede teen Mei 2016 voltooi wees wat 'n heenkome vir 2 400 mense sal bied."

'N STAD VAN POTENSIËLE BELEGGERS

Burgemeester Manyoni sê voorts die metro word geherposioneer om potensiële beleggers te lok om met ontwikkelingsprojekte in die stad te help.

Die stad het ook groot bedrae geld in die ontwikkeling van grond naby die lughawe belê. Dit vorm deel van die Lughawekorridorontwikkelingsnodus en is 'n poging van die stad om ontwikkeling in die korridor 'n hupstoot te gee.

"Dit is ons grootste projek. Ons het dit begin deur die nodige infrastruktuur te bied, soos die Naval Hill-reservoir en die Noordoostelike Watersuiweringsaanleg. Ons het sowat 250 nuwe woonhuise wat ontwikkel is danksy die N8-ontwikkeling om die lughawe, asook 'n hospitaal wat in aanbou is."



Die Brandwag maatskaplike behuising sal bykomende maatskaplike behuising aan ons gemeenskappe lewer en maak dat gemeenskappe nader aan werkgeleenthede en ander geriewe aan gesinne van deelnemers kan wees.

Hy sê voorts die ontwikkeling van die Botshabelo en Thaba Nchu ekonomiese nodusse is die stad se belangrikste projekte, wat poog om die ewels van apartheid reg te stel deur ontwikkeling en ekonomiese geleenthede nader aan die mense te bring.

"Die stad, in samewerking met die provinsiale regering, gaan sowat R40 miljoen in die ontwikkeling van die nodus belê. Dit sal insluit die ontwikkeling van lewendige landelike ondernemings, die voorsiening van inisiatiewe vir gemengde ontwikkeling, kopersiële, ontspannings- en maatskaplike geriewe.

"Die nodusse sal beleggings na die gebied lok, wat op sy beurt werkloosheid sal verminder."

ANDER ONTWIKKELINGSPROJEKTE

- Die oprigting van Brandkop 702 – 'n stuk grond vir die ontwikkeling van gemengde behuising in die stad, ten bedrae van sowat R16 miljoen.
- Die oprigting van Cicilia Park – 'n stuk grond vir die ontwikkeling van gemengde behuising in die stad, ten bedrae van so-

wat R20 miljoen.

- Die ontwikkeling van die Lughawekorridorontwikkelingsnodus – 'n projek van R97 miljoen.
- Die ontwikkeling van die Langafstand-dienssentrum – 'n projek van R35 miljoen.

"Die ontwikkeling van hierdie nodusse is nie net bedoel om afhanklikheid van Bloemfontein as kommersiële sentrum te verlig nie, maar ook om hernuwing, ontwikkeling en ekonomiese geleenthede na ander streke van die munisipaliteit te bring."

Hy sê voorts die stad sal 'n verdere R19,95 miljoen in stalletjies vir smouse in die stadsgebiede van Botshabelo en Thaba Nchu belê.

GESONDE FINANSIEËLE BESTUUR

Burgemeester Manyoni sê toe hy in 2011 ingesweer is, was die munisipaliteit se geldsake beroerd.

"Ons kan nou met reg sê dat ons kontant en ekwivalente tans op R1,1 miljard staan vergeleke met R246,4 miljoen in 2011. Dit verteenwoordig groei van R855,8 miljoen – drie keer meer as die vorige kontantsaldo's.

"Die hoofrede vir ons prestasie was ons vermoë om oor die afgelope paar jaar die finansiële posisie van die metro te stabiliseer," sê hy.

Die stad het sy auditopinie van 'n finansiële vrywaring verbeter en 'n ongekwaliifiseerde auditverslag vir die 2013/14 finansiële jaar van die ouditeur-generaal, Kimi Makwetu, ontvang.

TOEGANG TOT WATER

Sedert 2011 het die Mangaung Metro basiese water aan sowat 219 000 huishoudings gelewer. "Nagenoeg 159 000 huishoudings het sedertdien drinkwater bo die HOP-standaarde ontvang. Daarbenewens kry sowat 40 000 geregistreerde, behoeftige huishouding 10 kl gratis basiese water.

"In reaksie op die uitdaging van onvoldoende opgaring van water, het die stad 'n spesiale program van stapel gestuur om die kapasiteit van sy reservoirs te verhoog en massawatervoer na nuwe gebiede uit te brei."

Die projek sal na verwagting help om ontwikkeling, soos die lughawekorridorontwikkeling, Cecilia Park en Vista Park, te ontsluit.

"Ons is daar toe verbind om binne die volgende ses jaar agterstande in sanitasie uit te wis. In die lig hiervan is ons verbind tot die bou van sewe nuwe reservoirs.

"Twee hiervan is reeds voltooi – die 45 MI-reservoir te Longridge en die 35 MI-reservoir te Naval Hill. Die kapasiteit van die Sterkwat Waterwerke is verdubbel van 10 miljoen liter tot 20 miljoen liter.

"Die verbeterde kapasiteit sal nuwe ontwikkeling in die stad akommodeer, soos die Hillside View-ontwikkeling asook die in Vista Park, Lourier Park en Rocklands."

ONTWIKKELING VAN ONS STAD SE JEUG

Die stad het onlangs 'n program vir die ekonomiese ontwikkeling van die jeug in vennootskap met Absa van stapel gestuur. Die program, wat aanvanklik 3 000 jeugdiges sal betrek, poog om indiensopleiding en ontwikkeling aan werklose jeugdiges te bied.

"Die program fokus op die instandhouding van paaie, elektriese werke asook inligtings- en kommunikasiestegnologie."

"Meer as R40 miljoen is vir die 2014/15 finansiële jaar hiervoor opgesygesit."

Nuwe huise bring menswaardigheid

Albert Pule

Elk keer as die wolke tydens die reënseisoen bokant Marikana begin saampak, het Katiso Emmanuel Makhabane bekommern geraak. Makhabane en sy bure moes altyd wonder of hul hutte die gietende reën sou weerstaan.

"Dit het eendag so erg gereën dat my hut verspoel het en al my besittings nat geword het. Die water was oral. Dit was moeilik," sê hy.

Gelukkig is daardie dae op nou verby danky 'n vennootskap tussen die Departement van Menslike Nedersettings en Lonmin.

Dit het gemaak dat Makhabane nou die trotse eienaar van 'n splinternuwe viervertrekhuis in Marikana-Wes buite Rustenburg is.

Hy het toegang tot lopende water, elektrisiteit en voel veilig.

Vir meer as 13 jaar moes Makhabane in 'n hut in 'n informele nedersetting, Marasmus, Noordwes, woon. Daar was geen elektrisiteit, behoorlike sanitasie of beskutting nie.

"Daardie plek was vir niemand goed nie. Daar is nie behoorlike paaie nie, geen elektrisiteit of water nie, en dit was nie

veilig nie."

Die viervertrekhus bestaan uit 'n kombuis, eetkamer, twee slaapkamers en 'n badkamer. 'n Paar meter van Makhabane se huis is nog 'n voormalige inwoner van Marasmus, Senzelinceba Grigana, besig om met sy nuwe buurman te gesels. Grigana (44), wat ook eens in 'n informele nedersetting moes woon, is ook nou 'n huiseienaar. Hy sê hy voel nou weer soos 'n normale mens.

"Toe ek nog in die hut gebly het, het ek soms gevoel of ek nie normaal was nie; daardie plek is nie goed vir mense om in te woon nie," sê Grigana.

"Dit het 'n reuseverskil in my lewe gemaak toe ek van die informele nedersetting na my nuwe tuiste getrek het. Ek voel veilig en kan saans rustig slaap met die wete dat ek nie in die nag deur booswigte aangeval sal word nie," sê hy met 'n glimlag op sy gesig.

BEHOORLIKE HUISE

Die stuk grond van 50 ha is in Oktober 2013 deur Lonmin geskenk en sal uit 2 600 gemengde behuisingseenhede bestaan. Die eenhede is in vier behuisingsprogramme versprei, naamlik Breaking New Ground (BNG), Gemeenskapswooneenhede (GWE),



Die nuwe huise in Marikana-Wes sal menswaardigheid herstel en ontwikkeling in die gebied teweegbring.

Maatskaplike Behuising en die Finansiering gekoppelde Individuale Subsidieprogram.

Die eerste fase van bouwerk sal na verwagting 292 BNG-eenhede en 252 GWE's lewer. Die nuwe GWE's sal na verwagting aan ander inwoners van Marikana toegeken

word, insluitend die 33-jarige Lesego Molomane, wat tans saam met haar man en dogter in 'n agterkamer woon.

"Ek sien daarna uit om in my eie plek te woon en nie vir iemand anders huur te betaal nie. Ek kan nie wag om in my nuwe huis in te trek nie," sê sy.

eThekwini Munisipaliteit maak goeie vordering



Die eThekwini Munisipaliteit werk hard om die lewens van sy inwoners te verbeter.

Gugu Sisilana

T een 2030 gaan Durban Afrika se sorgsaamste en leefbaarste stad wees. Dit is een van die langtermynvisies van die eThekwini Munisipaliteit.

“Die munisipaliteit het sedert die eerste demokratiese verkiesing in 1994 deurgaans mense se lewens ten goede getransformeer.

“Durban is in 2015 as een van die beste stede in Suid-Afrika benoem met die hoogste lewensgehalte volgens ‘n internasionale peiling deur Mercer. Dit bewys dat die stad een van Afrika se beste dienslewingsprogramme het en steeds ‘n positiewe uitwerking op die lewens van sy 3,4 miljoen inwoners het,” sê die burgemeester van eThekwini, James Nxumalo.

Oor die afgelope 20 jaar het die munisipaliteit meer as 200 000 huise aan nagenoeg 500 000 arm en werklose inwoners verskaf.



DIE BOU VAN BEHOORLIKE HUISE

Die Cornubia-behuisingprojek vir gemengde gebruik sal aan nog inwoners behuising verskaf wat bekostigbare behuising nodig het.

Die projek sal bestaan uit 28 000 huise wat vir ‘n wye spektrum van inkomste voorsiening maak. Hiervan sal 15 000 gesubsidieerde of lae-inkomstehuise wees. Die projek, wat naby ekonomiese geleenthede geleë is, bevorder ook die integrasie van verskillende gemeenskappe oor rasgrense heen.



PRESTASIES IN DIENSLEWERING

- Die munisipaliteit verskaf elektrisiteit aan meer as 730 000 verbruikers in ‘n radius van 2 000 km². Elektrisiteit word by Eskom aangekoop, wat 275 000 volt voorsien. Die kragnetwerk is verbeter om voorsiening te maak vir groei en nuwe verbindings, insluitend die breedvoerige elektrifisering van 13 342 informele nedersettings binne die stadsgrens.
- eThekwini verskaf 9 kl gratis water aan huishoudings waarvan die waarde minder as R250 000 is.
- Die stad bestuur en onderhou 336 sokkervelde, 163 gemeenskapsale, 141 parke, 65 begraafplase, 95 biblioteke, 9 museums en 52 swembaddens.

•••

- Die stad se Zibambele Armoedevertligingsprogram het werk vir sowat 6 000 mense geskep.
- eThekwini belê tans in projekte wat meer as 680 permanente werkgeleenthede oor die lang termyn sal skep.
- Die munisipaliteit behandel meer as 491 000 kl riool elke dag en verseker sodoende gemeenskapgesondheid deur die hele stad.
- Durban se geïntegreerde pendelvervoernetwerk, Go!Durban, streef daarna om 600 000 pendelaars oor die hele stad met mekaar te verbind.
- Die Burgemeestersbeker poog om jongmense aan te moedig om aan kuns, kultuur, sport, ontspanning en erfenis deel te neem en sodoende maatskaplike kohesie te bewerkstellig. Die beker is verlede jaar onthul.

eTHEKWINI GEREED VIR 2022 STATEBONDSPELE

In September verlede jaar is aangekondig dat eThekwini die eerste stad in Afrika gaan wees om die Statebondspele in 2022 aan te bied. Meer as 80% van die geriewe bestaan reeds. Die munisipaliteit is op koers met die voorbereidings om hierdie belangrike sportgeleenthed aan te bied.

“Ons gaan die spele namens Afrika en sy



1 miljard inwoners aanbied. Ons maak geskiedenis, aangesien hierdie spele vir die eerste keer in Afrika aangebied gaan word,” sê Nxumalo.

“Die spele sal aangewend word om maatskaplike kohesie en nasiebou te bevorder. Die aanbieding van die spele sal ons jongmense die geleenthed gee om in 2022 hul talente aan die wêreld ten toon te stel. Ons wil hê hulle moet die kampioene van mōre wees,” voeg hy by.

* Gugu Sisilana werk vir die eThekwini Munisipaliteit.

Alles wat jy moet weet van spesiale stemme



Suid-Afrikaners wat nie op verkiesingsdag kan stem nie, kan aansoek doen om ‘n spesiale stem uit te bring.

leiers van hul keuse kies om hul lewensgehalte te verbeter.

Burgers kan hul registrasiestatus aanlyn na gaan deur hul ID-nommer aan 32810 te SMS of ‘n afspraak by die plaaslike OVK-kantoor te maak.

SPESIALE STEMME

‘n Geregistreerde kieser wat nie by sy/haar stembus op die dag van die verkiesing kan stem nie, kan aansoek doen om op ‘n voorafbepaalde dag voor die verkiesing ‘n spesiale stem uit te bring.

Nie almal kwalificeer vir ‘n spesiale stem nie. Mense wat vir ‘n spesiale stem wil aansoek doen, moet:

- geregistreerde kiesers wees
- ‘n groen ID-boekie met ‘n strepieskode hé, of ‘n slimkaart-ID of ‘n geldige tydelike identiteitserifikaat (doen by die kantoor van Binnelandse Sake hiervoor aansoek)
- aan die voorwaardes van die bepaalde soort verkiesing voldoen (kyk onder).

KWALIFISEER EK VIR ‘N SPESIALE STEM?

Jy kan vir ‘n spesiale stem aansoek doen as: jy weens swak gesondheid, gestemdheid of

swangerskap nie na die stembus kan reis nie, of nie op verkiesingsdag kan stem nie.

WANNEER KAN EK STEM?

Volgens wet kan spesiale stemme net uitgebring word op die datum wat op die verkiesingsrooster verskyn. Geen uitsonderings kan gemaak word nie.

WAAR KAN EK STEM?

- As jy nie na die stembus kan reis waar jy geregistreer is nie, jou gesondheid swak is, jy gestremd of swanger is, kan verkiesingsamptenare jou by die huis besoek (solank dit binne die stemdistrirk is waar jy geregistreer is) sodat jy kan stem.
- As jy kan reis maar nie op verkiesingsdag by die stembus kan wees nie, kan jy op die dag wat daarvoor voorsiening gemaak is in die verkiesingsrooster by die stembus stem. Dit is gewoonlik ‘n dag of twee voor die verkiesingsdag.

WAT GEBEUR WANNEER EK ‘N SPESIALE STEM UITBRING?

As jou aansoek om ‘n spesiale stem slaag, sal jy soos volg stem:

- Jou duimnaal sal met onwisbare ink

- gemerk word.
- Jou ID-boek sal gestempel word.
- Jy sal die relevante stembrief ontvang.
- Jy bring dan jou stem in die geheim op die stembrief aan, plaas dan die verseelde stembrief in ‘n ongemerkte koevert.
- Die ongemerkte koevert word dan in ‘n ander koevert geplaas wat met jou naam, ID-nommer en stemdistrinknommer gemerk is. Die gebruik van die twee koeverte is om jou stem geheim te hou. Die buitenste koevert word weggegooi voordat die telling begin.
- OVK-amptenare neem dan die koevert in sit dit in ‘n veilige stembus vir spesiale stemme.
- Jou naam word dan op die kiesersrol met afgemerk met die letters SV om aan te dui dat jy ‘n spesiale stem uitgebring het.

Vir meer inligting skakel die OVK by 0800 11 8000 met jou navrae. Die inbelsentrum is van Maandae tot Vrydae van 07:00 tot 21:00 oop.

*Bron: www.elections.org.za

Suid-Afrikaners kry later vanjaar kans om die land se demokrasie te versterk deur hul kruisies op stembriewe vir die plaaslikeregeringsverkiesing te trek.

Tydens die verkiesing kan landsburgers die